

25 FEBRUARIE

SKRIFGEDEELTE: NEHEMIA 9:16-25
FOKUSGEDEELTE: NEHEMIA 9:17

God bly getrou ten spyte van die volk se ontrou

As mense skryf ons so maklik en vinnig iemand af wat ons vertrou geskok het. Die bekende Afrikaanse spreekwoord wat lui: "Vergewe ja, maar vergeet, nooit..." is so dikwels ons lewensleuse. Hierteenoor lees ons dat God so totaal anders as ons mense is, want ten spyte van die volk se ontrou, bly God getrou aan sy verbond wat Hy met die volk gesluit het in die tyd van Abraham.

Die volk het verskeie kere hulle rug op God gedraai – hulle het 'n goue kalf gemaak en dit hulle god genoem, maar steeds het God hulle vergewe, bewaar en versorg. Nehemia gee 'n kort oorsig oor die genadepad van God met sy volk. So het Hy aan hulle kos in die woestyn gegee (vs. 15). Ten spyte daarvan was die volk moedswillig ongehoorsaam. Hulle wou eerder terug na Egipte as wat hulle onder God se leiding wou staan. Hulle was onder die indruk dat dit daar met hulle beter sou gaan.

Ook ons staan soms so ontrou teenoor God ten spyte van sy voortdurende genade en troue sorg in ons lewe. As ons sou terugkyk in ons persoonlike geskiedenis, sou ons sien dat God ons gedra en versorg het toe ons in moedeloosheid en siekte vasgevang was.

God se genade is egter groot. Dit is waarop die volk hulle hul nou beroep. In Jesus Christus vergewe Hy nie net nie, maar Hy vergeet ook ons ongehoorsaamheid en sonde. Al struikel en val ons so gereeld, bly God getrou en seën Hy ons met alles wat ons nodig het en nog meer! Daarvoor moet ons Hom ewig loof en prys.

Sing: Psalm 38:1, 17

Ds Human Coetsee (Durban-Noord)